

Demokratisering en standaardisering – Teenstrydige doelwitte vir inheemse tale?

Democratisation and Standardisation – conflicting objectives for indigenous languages?

ERNST KOTZÉ

Nelson Mandela Metropolitan University

Port Elizabeth

ernst.somerstrand@gmail.com



Ernst Kotzé

ERNST KOTZÉ is emeritus professor aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth, en navorsingsgenoot en dosent in forensiese linguistiek aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Gestudeer aan die Universiteite van Kaapstad (BA & BA (Hons)) en die Witwatersrand (MA & PhD). Navorsingsgebiede sluit in algemene taalwetenskap en sosiolinguistiek, leksikografie, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, vertaalkunde en forensiese linguistiek. Voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, ook voorsitter van die Tegnieke Komitee vir Standaardisasie van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (PanSAT). As 'n Von Humboldt-navorsers is hy ook lid van *ganaa* (German-African Network of Alumni & Alumnae), wat navorsing oor die posisie en rol van minderheidstale in Afrika onderneem.

ERNST KOTZÉ is emeritus professor at the Nelson Mandela Metropolitan University, Port Elizabeth, and research associate, as well as lecturer in forensic linguistics, at the North West University, Potchefstroom. Studied at the Universities of Cape Town (BA & BA (Hons)) and the Witwatersrand (MA & PhD). Areas of research include general linguistics, sociolinguistics, lexicography, language planning and policy, historical linguistics, translation studies and forensic linguistics. Chairperson of the Language Commission of the South African Academy for Science and Arts, also chairperson of the Technical Committee for Standardisation of the National Language Body for Afrikaans (PanSAT). As Von Humboldt researcher, he is also a member of *ganaa* (German-African Network of Alumni & Alumnae), in which research on the position and role of minority languages in Africa is undertaken.

ABSTRACT

Democratisation and Standardisation – conflicting objectives for indigenous languages?

At first blush, the two concepts, democratisation and standardisation, seem to be in conflict if the objectives underlying the processes they describe are compared, in particular if they are applied to the field of language planning and politics, and especially within the context of the colonial history of Africa and further afield.

It is in the nature of standardisation not to tolerate much variety, even in the language to be standardised (especially in the formal registers). The functional requirements of stylistic, sociolectal or geolectal variants in a language community, on the other hand, reflect a wide spectrum of varieties in a given language.

Underlying the need for standardisation is the requirement for communication in the form of a unitary code (i.e. a language) which is understood and used by as many members of the community as possible, necessarily and usually in formal contexts.

However, a standardised language, like all others, also has need of neutral and informal registers for which the appropriate vocabulary should be available. Such vocabulary originates in everyday speech, while “formal” terminology aimed at the higher functions of language is often compiled by bodies such as language commissions.

The standardisation of language is often the result of a political process, which is a corollary of conquest, colonialism, or (sometimes) democratic change. A standard language, once established, normally possesses a self-perpetuating force – those who have acquired it, do not easily relinquish the concomitant social and political power associated with it. This applies in particular to non-mother-tongue speakers of the standard language, who benefit from the social status and increased access to knowledge associated with it. The result is, predictably, discrimination on the basis of proficiency in the standard, and societal imbalances.

Arguments in defence of the selection of a non-indigenous standard are the purportedly equal distribution of disadvantage, as well as the possible unifying force of such a medium.

To understand the task facing those who wish to standardise an indigenous language, the four phases traditionally identified by Haugen could be recalled, i.e. selection (macro and micro), codification, acceptance and cultivation (elaboration of functions).

This is possibly another reason why already established colonial languages seemed to be an attractive choice at the outset when considering the adoption of an indigenous language for the purposes of standardisation. However, when the intellectual and economic benefits of linguistic democracy are considered, the investment in the enhancement of access to knowledge for entire language communities is well spent. The advantages for the development of human capital in the short and long term for such communities have been proven in countless scientific studies.

A common disincentive is the purported “unsuitability” of indigenous languages for use in technical and scientific contexts. However, similar techniques for the creation of terminology are applied by all languages where elaboration of functions takes place, i.e. relexification, use of international cognates, conceptual translation (calquing), the use of informal vocabulary in specialised applications, neologisms, etcetera.

Examples of attempts at standardisation or restandardisation of nonstandard varieties, such as in Norway and Albania can be adduced. In Norway, Nynorsk was created to replace Bokmål, but there was a clear differentiation by the speakers between spoken and written requirements, so that the written language gravitated to Bokmål, and the spoken language to Nynorsk. In Albania, where Standard Albanian was based on Tosc, attempts were made at incorporating elements of North Albanian (Gegh) into the standard for reasons of “justice”. However, it foundered as a result of resistance from intellectuals on the basis that “justice” in standardisation was “impossible”.

Some lessons from Norway, and also the Magreb (which is subsequently discussed), are that varieties in both Norwegian and Arabic are closely linked to rules of contextuality and register; and that, although there is a greater need for uniformity as regards the form of written standard, the written form of informally used items needs to be standardised as well, albeit in a different way.

Finally, the use of the internet as agent for both standardisation and democratisation is briefly investigated. It is apparent that informal standardisation (through codification) is taking place through the production of increased volumes of texts by common users. The production of electronic texts leads to the compilation of corpora, and standardisation of the lexicon takes place on the basis of frequency counts and the use of concordances by NGO's. Some examples of such standardisation (official and unofficial) in Africa are provided.

The conclusions drawn from the overview are that: (a) Democratisation and standardisation do not have to represent conflicting objectives for indigenous languages in Africa; (b) Users of language determine the form that is standardised in the end; and (c) Speakers of African languages have the ability to determine not only which language(s) they prefer to use for which purpose, but also the form of such languages.

KEY WORDS: standardisation, democratisation, language planning, indigenous languages, minority languages, restandardisation, sociolect, electronic corpora, selection, acceptance, codification, elaboration of functions, terminology, register

TREFWOORDE: standaardisering, demokratisering, taalbeplanning, inheemse tale, minderheidstale, herstandaardisering, sosiolek, elektroniese korpora, seleksie, aanvaarding, kodifisering, kultivering (funksie-uitbreiding), terminologie, register

RÉSUMÉ

Dans cet article, la reconnaissance des langues autochtones dans la société africaine dans le contexte de l'existence d'un nombre restreint de langues standard dans les communautés multilingues est examinée. La standardisation des langues, vue sous tous ses angles, semble aller à l'encontre des objectifs de la démocratisation de la société, car elle favorise tous ceux qui parlent une telle langue comme langue maternelle, mais au même temps elle montre de la discrimination contre ceux qui sont obligés à maîtriser la langue standard pour obtenir l'accès aux connaissances et à l'ascension dans l'échelle sociale. Au lieu de servir comme une force unificatrice, elle semble retirer les pouvoirs à certains, tandis que ceux qui sont nés dans le "bon" environnement linguistique en tirent profit excessivement. Ce déséquilibre apparent de la société est abordé de différentes manières, avec plus ou moins de succès, dans de différentes parties du monde. En comparant telles tentatives, à la fois officielles et officieuses, en Afrique et en Europe (en Norvège, en Albanie et en Afrique du Nord), il est également noté que l'avènement de la connectivité électronique dans le monde entier a introduit des manières et des niveaux différents de standardisation des langues autochtones en Afrique, puisque l'alphabétisation est devenue une condition préalable à la participation dans toutes les langues sur l'Internet. Il a également rendu possible la compilation des corpus textuels dans des langues qui étaient auparavant limités aux moyens informels de communication orale. L'inclusion des langues minoritaires autochtones et la codification concomitante du vocabulaire semble remplacer l'élément de conflit entre les deux forces opposées de la standardisation et la démocratisation de la langue, et répondre à la question posée dans le titre.

1. INLEIDING

In hierdie artikel word twee begrippe bespreek wat binne die konteks van taalbeleid skynbaar twee teenoorgestelde doelwitte verteenwoordig indien 'n mens die prosesse ondersoek soos hulle in die geskiedenis van Afrika en die wêreld as geheel ontvou (het), te wete demokratisering en standaardisering.

Ten eerste word die twee konseptuele terme bespreek en word daar aangedui wat daarmee bedoel word in die taalpolitiek, en in die besonder met betrekking tot die toepassing daarvan op talige menseregte. Vervolgens word 'n bondige vergelyking getref van hoe taalgemeenskappe op die eise van demokratisering gereageer het in verskillende wêrelddele. Ten slotte sal sekere gevolgtrekkings gemaak word wat gebaseer is op die resultate van hierdie pogings.

2. VERKLARING VAN BEGRIPPE

Demokratisering, soos toegepas op die tema onder bespreking, kan verstaan word as die voorsiening van gelyke geleenthede aan die inwoners van 'n staat waar sulke geleenthede nie voorheen bestaan het nie en, by wyse van uitbreiding, aan die tale, of die variëteite van die taal, wat hulle praat. Die verband tussen demokratisering as 'n eng politieke begrip en demokratisering wat die gebruik van *taal* insluit, is geleë in die voorsiening van geleenthede aan die sprekers van alle tale om hulle deur middel van die taalmedium wat hulle die beste beheers, ten volle in staatkundige verband te kan uitdruk en uitleef. In dié opsig hou dit ook verband met die begrip “bemagtiging”, wat verwys na die bevryding van landsburgers uit die posisie van onmag waarin hulle hul in 'n ondemokratiese bestel bevind het.

Standaardisering, aan die ander kant, het betrekking op die ontwikkeling van 'n spesifieke taal (of verskillende tale) om die hoër funksies van 'n taal in 'n bepaalde gemeenskap, wat in die wêreld van die politiek 'n nasie beteken, of dan 'n land en sy inwoners, te vervul. Dit is duidelik dat dit 'n gunstige raamwerk skep vir die ontstaan van 'n talige elite wat as gevolg van hulle meerdere gebruikskennis van die standaard 'n voordeel geniet bo diegene wat sodanige kennis nie het nie, of moet ontbeer.

Die vraag ontstaan nou: Kan daar sprake wees van die demokratisering van beide die sprekers van 'n taal en van verskeie tale/dialekte self, terwyl een of twee van hierdie tale tegelykertyd ontwikkel word om toegang te verleen tot kennis en kommunikatiewe mag aan almal, en slegs diegene, wat hierdie taal bemeester het?

Aan die een kant is dit in die aard van standaardisering om nie veel verskeidenheid te duld nie, selfs in die taal wat gestandaardiseer (moet) word. Aan die ander, verskil die funksies van variante in die spraak van 'n taalgemeenskap (of 'n mens nou te doen het met stilistiese, sosiolektiese of geolektiese variante wat dieselfde begrip verteenwoordig) op die pragmatiese vlak beduidend van mekaar as gevolg van die dinamika van informele talige konvensies.

Dit blyk dus uit die staanspoor dat toleransie nie juis 'n opmerklike eienskap is van die proses van taalstandaardisering nie. Maar om 'n meer ingeligte begrip te verkry van wat hierdie proses behels, sou 'n bondige ontleding van die proses van standaardisering tog van nut wees.

3. ONTSTAAN EN AARD VAN STANDAARDTALE

Daar is talle moontlike interpretasies en definisies van standaardisering, maar 'n fundamentele begrip in hierdie proses is die totstandbring van 'n eenheidstaal (in Duits staan standaardisering ook bekend as “Vereinheitlichung”). Hierdie vorm van taal, is die aanname, behoort verstaan en gebruik te word deur soveel mense as moontlik, noodsaaklikerwys en gewoonlik in formele kontekste.

3.1 Die aard en gebruik van standaardtale

Maar is dit waar? Tale wêreldwyd word gekenmerk deur variasie, en word gebruik vir verskillende doeleindes. Dit beteken dat die woordeskat van 'n taal gewoonlik verskeie registers besit wat elk die gebruik van 'n bepaalde styl vereis, formeel of informeel, of relatief neutraal. In die geval van 'n standaardtaal is die ontwikkeling van 'n uitgebreide formele register 'n vereiste, wat egter nie beteken dat alle “standaard”-leksikons tot gebruik in formele kontekste beperk is nie. 'n Beduidende kernwoordeskat sal deur die meeste sprekers van die standaardtaal ook in *informele* kontekste gebruik word, afhangende van die gebruiksfunksie. Wat belangrik is, is dat so 'n informele

woordeskat in die alledaagse spraak ontstaan en nie deur die handeling van 'n liggaam soos 'n taalkommissie tot stand gekom het wat "formele" terminologie saamstel vir gebruik in die hoër funksies van taal nie. Die formele standaardregister, aan die ander kant, vereis presisie en die uitskakeling van variante wat met mekaar meeding ten einde die moontlikheid van misverstand te minimaliseer, en die uitbreiding van 'n gepaste woordeskat van formele woorde/terme in verskeie tegniese en wetenskaplike velde waarvan die gebruik ook kontekstueel beperk is. Die aard van 'n standaardtaal is dus sodanig dat daar 'n uitgebreide leksikon van formele terme sal wees vir gebruik in wetenskaplike, wetgewende en ander hoër funksies, terwyl die informele leksikon (bv. in aanleerkursusse) enigermate beperk word tot dié variante wat sprekers verwag dat die aangesprokene as standaardwoordeskat sou verstaan. Die informaliteit van die gespreksituasie bring egter meestal mee dat omgangstaalvorme, en dus niestandaardvorme, by moedertaalsprekers algemeen voorkom.

'n Mens kan aanvaar dat die meeste inwoners van lande wat deur meertaligheid gekenmerk word, 'n goeie begrip het van wat standaardisering behels in terme van taalontwikkeling en feitlik instinktief weet wanneer om watter taal (of taalvorm) te gebruik in die gebruikskontekste wat hulle daaglik teenkom.

3.2 Die politieke oorspronge van standaardtale en gevolge daarvan

Die standaardisering van taal is egter ook die resultaat van 'n politieke proses, wat weer as grondslag kan hê verowering, kolonialisme, of demokratiese verandering. 'n Fundamentele probleem, veral in Afrika, waar politieke verandering dikwels moeilik is om te bewerkstellig, is dat 'n standaardtaal, as dit eers eenmaal gevestig is, gewoonlik 'n selfbestendige mag besit bewerkstellig; want dié wat dit verwerp het, doen nie maklik afstand van die sosiale en politieke mag wat daarmee gepaardgaan nie. Dit het veral betrekking op nie-moedertaalsprekers van die standaardtaal, wat voordeel trek uit die sosiale status en meer omvattende toegang tot kennis wat daardeur moontlik word.

Dit blyk dus dat die keuse van 'n taal as 'n standaardmedium vir 'n bepaalde taalgemeenskap, of daardie taal nou as 'n koloniale taal van wyer kommunikasie ingevoer is, of 'n inheemse taal is wat as eerste taal gebruik word, deur 'n sekere persentasie van die bevolking, dikwels (en selfs meestal) die oogmerke van demokratisering kan belemmer. Dit is eenvoudig so omdat dit die eerstetaalsprekers van so 'n taal bevoordeel, terwyl dit terselfdertyd diskrimineer teen diegene wat die standaardtaal moet baasraak om toegang te verkry tot kennis en opwaartse mobiliteit in die gemeenskap.

Die keuse van 'n nie-inheemse, dit wil sê koloniale, taal is al dikwels verdedig as 'n manier om die speelveld gelyk te maak deur (a) die gelyke verdeling van nadeel, waardeur die meerderheid inwoners benadeel word, en (b) die aanvoer van die argument dat eenheid in die aangesig van stamverdeeldheid en talige seksionalisme verkry kan word deur 'n taal te aanvaar wat nie die moedertaal van enige seksie, of van 'n beduidende groot seksie, van die bevolking is nie. ('n Voorbeeld van so 'n keuse is dié van Engels as enigste ampstaal in Namibië, maar ook dié van Frans, Engels, Portugees, Italiaans, Duits en Spaans in die koloniale geskiedenis van Afrika.) Die resultaat is egter meestal die ontstaan van sosiolinguistiese verdeeldheid op die basis van verskillende vlakke van vaardigheid in die "vreemde" taal, iets wat dikwels medebepaal word deur faktore soos geleentheid en geografiese herkoms. In plaas van 'n verenigende mag, lyk dit asof standaardisering sommige burgers van die gemeenskap ontmagtig, terwyl dié wat in die "regte" talige omgewing gebore is, ten onregte bevoordeel word.

Hierdie klaarblykbare maatskaplike wanbalans word dikwels geïgnoreer, want sosiale stratifikasie is 'n algemene kenmerk van alle gemeenskappe, en ekonomiese, kulturele en

kognitiewe faktore dra almal by tot sodanige stratifikasie. Wanneer die lotgevalle van 'n hele gemeenskap egter bepaal word deur die gebruik van 'n minder bekende taal as middel tot sosiale vooruitgang in wetgewing vas te lê, word 'n onnatuurlike faktor ingevoer wat in stryd is met die demokratiese beginsel van gelyke geleenthede vir almal.

4. 'N UITWEG UIT DIE STATUS QUO?

Hierdie gedagtegang is natuurlik geensins iets nuuts nie. Ten minste oor die tydperk 2008–2011 het 'n reeks van ses konferensies deur die *German-African Network of Alumni and Alumnae* (ganaa) in Leipzig (tweemaal), Oran, Stellenbosch, Nairobi en Dakar oor die rol van inheemse tale in Afrika 'n aansienlike versameling navorsingsmateriaal opgelewer, iets wat getuig van 'n besliste bewussyn van die problematiek van maatskaplike ongelykhede wat deur die standaardisasie van (veral) koloniale tale teweeggebring is. Verder moet daarmee rekening gehou word dat geen twee sociolinguistiese situasies identies is nie, en dat daar geen universele benadering kan wees tot die probleem van talige wanbalanse as gevolg van ondemokratiese standaardisering nie. Ek wil egter aan die hand doen dat sekere waardevolle lesse geleer kan word uit 'n oorsig van sommige pogings wat aangewend is om wanbalanse ten gevolge van sodanige standaardisering reg te stel. Die doel hiermee is om oorweging te skenk aan

- (a) die faktore wat aan standaardisering ten grondslag lê,
- (b) hoe geolektiese elemente uit ongestandaardiseerde tale/dialekte in sommige lande geakkommodeer word, en
- (c) watter nuwe kanale, veral deur die gebruikmaking van beskikbare tegnologie, gevolg (kan) word om erkenning te gee aan sulke tale/dialekte, en sodoende by te dra tot die demokratisering en bemagtiging van sprekers van tale en variëteite wat benadeel word.

5. DIE PROSES VAN STANDAARDISERING

Voordat ons die pogings om die wanbalanse reg te stel wat hierbo genoem is van nader beskou, sal dit voordelig wees om die basiese boustene waarop standaardisasie berus, in heroënskou te neem. Ek verwys na die welbekende raamwerk van Einar Haugen (1972) waarin hy vier subprosesse van standaardisering identifiseer, naamlik *seleksie*, *kodifisering*, *aanvaarding* en *kultivering* (of funksie-uitbreiding). Die mees “ondemokratiese” fase in die proses is dié van *seleksie*, of meer spesifiek *makroseleksie*, die stadium waartydens 'n matriksvariëteit gekies word, wat óf 'n taal óf streeksvariëteit kan wees uit almal wat beskikbaar is. Hierdie variëteit dien dan as vertrekpunt vir die sintaksis en morfologie van die toekomstige standaard. Die makroseleksie is in wese 'n politieke besluit, wat sal afhang van die heersende magsbalans in die land. Die *mikroseleksie*, aan die ander kant, behels die keuse van die leksikon wat gebruik kan word in formele kontekste en wat ideaal gesproke die wydste moontlike verspreiding oor die taalgebied behoort te hê. Terselfdertyd word die hoë voorkoms van variasie in die omgangstaal beperk vir 'n betreklik beperkte register, wat algemeen gebruik kan word en ook dien as die taalvorm wat deur vreemdtaliges aangeleer word.

In die tweede fase, *kodifisering*, word die norme en reëls van die grammatika, spelling, ens. wat op die standaardtaal van toepassing is, geformuleer. Dit lei tot die publikasie van grammatikas, woordeboeke, speltoetsers, stylboeke, ens.

Die derde fase, dié van *aanvaarding*, is 'n kritieke een, waar instellings soos skole, agentskappe, owerhede op verskillende vlakke, die media, ens., 'n leidende rol speel in die bevordering,

verspreiding, vestiging en toepassing van die norme. Die mate waarin hierdie instelling onder die jurisdiksie van die heersende politieke magte is, sal onder andere die doeltreffendheid van hierdie fase bepaal.

In die vierde en laaste fase, *kultivering* (funksie-uitbreiding), word daar uitvoering gegee aan die vereistes van die sogenaamde hoër funksies van taal. Die oogmerk is dat die standaardtaal gebruik sal word in al die funksies wat vereenselwig word met regering en met amptelike en wetenskaplike kommunikasie, byvoorbeeld die taal wat gebruik word in wetgewers en geregshoue, in burokratiese, opvoedkundige en wetenskaplike instellings van alle soorte (Hudson 1980:33). Met verloop van tyd word dit nodig dat nuwe woordeskatitems bygevoeg word, veral terminologie, en tekstipes beslag kry, soos formele briewe, wetgewing, akademiese verslae, ens. Dit is alles tipes van die abstrakte en intellektuele funksies wat vervul moet word en die formele kontekste waarbinne 'n standaardtaal opereer.

Vir die seleksie van 'n nuwe standaardtaal in 'n bepaalde taalgemeenskap, dit wil sê op die basis van 'n veranderde makroseleksie, waar 'n nuwe matriksvariëteit geselekteer is, word nuwe norme van toepassing gemaak, waartydens 'n soortgelyke benadering gevolg word as in die geval van die standaardisering van die voormalige standaardtaal.

6. 'N ONMOONTLIKE TAAK?

Dit lyk sekerlik na 'n onbegonne taak om 'n nuwe taal of variëteit te standaardiseer indien die proses soos hierbo uiteengesit, *ab initio* gevolg moet word. Dit is waarskynlik nog 'n rede waarom reeds gevestigde koloniale tale na 'n aantreklike opsie gelyk het toe die aanvaarding van 'n inheemse taal oorweeg is vir die doeleindes van standaardisering. Indien die intellektuele en ekonomiese voordele van talige demokrasie in ag geneem word, is die belegging in die verhoging van toegang tot kennis vir 'n totale taalgemeenskap goed bestee. Die voordele vir die ontwikkeling van menslike kapitaal op die kort én lang termyn vir taalgemeenskappe is reeds in tallose wetenskaplike studies bewys, en ek sal dus nie verder hieroor uitwei nie.

'n Beswaar (of ontmoedigende argument) wat dikwels aangevoer word teen die standaardisering van inheemse tale sonder 'n erfenis van tegniese woordeskat is die beweerde ongeskiktheid of onvermoë van die taal om begrippe te hanteer wat nog nooit vantevore in die taal benoem is nie. In die kultiveringsfase van standaardisering opereer die uitbreiding van tegniese en wetenskaplike woordeskat op vergelykbare wyses vir alle tale, en word daar van een of meer van die volgende tegnieke gebruik gemaak om terminologie te skep:

- (a) Releksifikasie vanuit verwante tale waarin die benodigde woordeskat reeds gevestig is (bv. die vertaling van redakteur/redigeerder in beide Xhosa en Zulu as *umhleli*);
- (b) Opname en aanpassing van internasionale kognate in die fonologiese en morfologiese strukture van die nuwe standaardtaal (bv. die vertaling van rekenaar in beide Xhosa en Zulu as *ikhompyutha*);
- (c) Konseptuele vertaling (d.w.s. leenvertaling, bv. die vertaling van evangelie, of "goeie nuus" in Xhosa as *izindaba ezinhle*);
- (d) Die gebruik van bestaande informele en inheemse woordeskat in gespesialiseerde toepassing, (bv. die vertaling van Vigs in Xhosa as *ugawulayo*, en in Zulu as *ingculazi*, ens.).

Die mees problematiese stadia vir die invoer van 'n nuwe standaardtaal is (a) die seleksie (en spesifiek die makroseleksiestadialium) en (b) die proses van aanvaarding. Hoewel dit wesenlik politieke probleme is, wat die onderwerp van 'n ander bespreking sou uitmaak, sal die oorsig van

die gevalle waarna hierbo verwys is, die kompleksiteit van die wisselwerking tussen taalvorme, menslike voorkeure en taalsosiologiese faktore enigermate illustreer.

7. POGINGS TOT REGSTELLING

Ek wil dan voortgaan met die bondige vergelyking van drie situasies in Europa en Afrika waar daar pogings aangewend is, in wisselende mate van sukses, om die probleem van ongelyke toegang tot die bestaande standaardtaal reg te stel.

In haar gesaghebbende publikasie, *Sprachnormen: Theorie und Praxis*, noem Renate Bartsch (1987) 'n aantal faktore, of voorwaardes, wat die ontwikkeling van 'n variëteit tot 'n standaardtaal kan bevoordeel, en in die afwesigheid waarvan sodanige ontwikkeling belemmer kan word:

- 1) Die variëteit word gebruik deur 'n sogenaamde prestigegroep, waar "prestige" gedefinieer word deur ekonomiese mag en vlak van opvoeding.
- 2) Die variëteit het 'n literêre geskiedenis waarin sommige "uitstaande" outeurs geïdentifiseer kan word.
- 3) Die variëteit word gebruik in 'n gebied waar verskillende variëteite van die taal of verskillende taalgroepeerings met mekaar in kontak kom en waaruit ontlening en assimilasië voortvloei.

7.1 Die Noorweegse eksperiment

As 'n voorbeeld van hoe hierdie faktore 'n deurslaggewende rol kan speel in die standaardisering van 'n variëteit, beskryf Bartsch die geskiedenis van die Noorweegse standaardtaal Bokmål. Dit was die variëteit van die hoër middelklas van die letterkunde van diegene met 'n hoë opvoedingspeil in die algemeen. Verder is Bokmål ook histories vereenselwig met vroeëre Deense oorheersing en invloed. Hierdie variëteit het die voordeel gehad dat dit voldoen het aan voorwaardes (1) en (2), maar in die oë van patriotiese Noorweërs was dit 'n nadeel dat die taal met voormalige heersers in verband gebring kon word. Daar was 'n verdere struikelblok, wat die teendeel verteenwoordig van voorwaarde (1), en wat neig om in 'n bepaalde politieke bedeling na vore te kom: As daar 'n sterk sosialistiese beweging is wat gelykheid propageer, en graag gelyke geleenthede vir alle burgers en solidariteit tussen werkers, die minderbevoorregtes en die breë massa van die land wil bewerkstellig, word die variëteit van die heersende of invloedryke klas nie as model erken nie. Die nuwe maatstaf vir prestige is dit wat onder die mense ("the people") ontstaan. Hierdie woord ("people") dra ook 'n positiewe emosionele konnotasie. Gevolglik het baie taalkundiges, onderwysers en politici in Noorweë wat hulle met die sosialistiese beweging vereenselwig het begin om 'n nuwe standaard te ontwikkel, in ooreenstemming met die seleksiefase van standaardisering (makro en mikro), naamlik Nynorsk, wat kenmerke vertoon het van verskeie Noorweegse variëteite wat sowel in landelike as stedelike gebiede gepraat word. Hierdie variëteit het voldoen aan voorwaarde (3); dit het kenmerke vertoon wat veel nouer verwant was aan 'n aantal dialekte en sosiolekte wat in kontak met mekaar was, sowel as aan Oudnoors. Die probleem was egter dat dit 'n gekonstrueerde, en in sommige opsigte 'n kunsmatige, vorm van taal was. Nietemin, diegene wat dit gepropageer het, het buitengewone moeite gedoen om dit te implementeer deur kodifisering, naamlik deur boeke, tydskrifte en ander materiaal in Nynorsk te publiseer en die taalvorm aktief te bevorder. Politieke partye met sosialistiese sentimente, die regering en talle onderwysers en dosente het hierdie bevorderingsveldtog vir die aanvaarding van die nuwe variëteit ondersteun. Die prestige van Nynorsk was daaraan te danke dat dit beskou is as 'n vernakulêr, inderdaad die taal van die "people". Maar ten spyte van al hierdie pogings en amptelike

ondersteuning was die ingebruikneming van Nynorsk nie dwarsoor die land 'n sukses nie; dit het ontbreek aan die steun van 'n groot komponent van wat Bartsch bestempel as die *Bildungselite*, die opgevoede elite, en die teenwoordigheid van 'n literêre tradisie wat as oortuigende modelle sou kon dien.

Die twee mededingende standaardvariëteite het mettertyd 'n neiging tot assimilasië vertoon, as gevolg waarvan die *skryftaal* oorgeel het na Bokmål, terwyl die *gesproke taal* in 'n groter mate invloed vanuit die onderskeie vernakulêre variëteite vertoon het en gevolglik eienskappe van Nynorsk aangeneem het.

Volgens Jernudd is die probleem van die mededinging tussen die twee standaardvariëteite primêr 'n akademiese probleem: Diegene wat Nynorsk voorstaan, beheers ook Bokmål – dus is die kwessie nie 'n kommunikatiewe probleem nie, maar wel ideologiese verskille oor sosiale verskille wat oorgewaaie het na die strydperk van taal. Met die voordeel van hierdie insig, is doelgerigte pogings toe aangewend om probleme met betrekking tot standaardisering op so 'n wyse op te los dat die ou stryd tussen die twee standaardvorme grootliks geneutraliseer kon word.

Dit is insiggewend dat die *kommunikasiemodus* 'n belangrike rol gespeel het in hierdie geval, en dat die *skryftaal* na die gevestigde standaard geneig het, terwyl die *gesproke taal* meer progressief was en in 'n groter mate die vernakulêrvariëteite geassimileer het.

7.2 Reaksie op herstandaardisering in Albanië

'n Meer onlangse voorbeeld van 'n poging tot herstandaardisering is dié van Albanië. Ek haal kortliks aan uit 'n kennisgewing in hierdie verband wat onlangs verskyn het in *Linguist List*, 'n webtuiste vir taalkundenaanvorsers:

A group of 40 renowned intellectuals in Albania, of them some linguists, others writers, translators, professors of social sciences and other intellectuals, published a communiqué condemning the recent language conference call for 'policies for improvement and enrichment of the standard language'. The conference organisers were interested in discussing ways of attracting North Albanian [Gegh] elements into the standard languages, based almost exclusively on the southern dialect of Albanian [Tosc]. The concept of enriching the standard Albanian has been a subject of controversy ever since the fall of communism in the early 1990's.

Die communiqué lui onder meer:

There are allegations that in shaping the standard language, the northern dialect was subjected to injustice. We clarify that the notions of 'justice' and 'injustice' are applicable in other fields of social life, but not in creating standard languages.

En die verklaring volg:

'Justice' in this case would presume that all regional and literary varieties of different dialects participated in the standard language in a more or less proportional manner or that they were mixed arbitrarily and artificially from different dialects. This has not happened in any other world languages and could therefore not happen in the case of Albanian either. My question [sê die outeur, Dibra] is the following: Is it true that no notion of 'justice' is applicable to any of the aspects of standardisation of the standard language itself?

Hierdie laaste vraag is in werklikheid 'n herformulering van die titel van hierdie artikel, en daag die leser uit om 'n antwoord te verskaf. Hoewel die situasies in Noorweë en Albanië soos hierbo beskryf, nie noodwendig van toepassing is op dié waarvan ons hier te lande kennis dra nie, kom dit wel bekend voor en laat 'n mens besef dat standaardisering dikwels gepaardgaan met probleme van persepsies en aanvaarding. Dit kom verder ook voor dat standaardtale, by wyse van spreke, “in sonde ontvang en gebore word”, en hulle aan die ontvangkant van latere kritiek bevind. Sulke waarnemings bring ons egter nie nader aan 'n antwoord nie, en onderstreep eenvoudig die erns van die probleem.

8. LESSE UIT NOORWEË EN DIE MAGHREB

Ek meen dat iets geleer kan word uit die Noorweegse ondervinding, waaruit dit duidelik geblyk het dat taal in verskillende vorme neerslag vind in reaksie op die behoeftes of voorkeure van sy gebruikers. Taal is eerstens nie 'n monolitiese entiteit nie, en nog minder is die meeste taalgebruikers op aarde eentalige skeepse. Variasie is 'n linguistiese feit van die lewe.

Laat ons nou kortliks die gebruikspatrone van Bokmål en Nynorsk, wat klaarblyklik ruweg ooreenstem met die modusse van skrif en spraak, met dié van Arabies in Noord-Afrika vergelyk. In die Maghreb bestaan daar duidelik onderskeibare vorme van Arabies, waarvan die gebruik bepaal word deur streng reëls van kontekstualiteit en register. Bo en behalwe Klassieke Arabies, waarin die Qur'aan geskryf is, is daar beduidende verskille tussen die register wat as medium vir skoolonderrig gebruik word, of Moderne Standaardarabies, en dit wat tuis gepraat word, te wete die vernakulêr. In skryftaal, en in alle kontekste waarin 'n formele register toepaslik is, word daar streng by Moderne Standaardarabies gehou. In gesproke taal is daar egter wydlopende variasie: Afhangende van die konteks, word óf die een óf die ander gebruik, en selfs in informele gesprekke word Standaardarabies soms gebruik om 'n besondere effek te verkry, dikwels om meer gewig te verleen aan 'n stelling.

Uit hierdie vergelyking met die gebruikspatrone van Bokmål en Nynorsk, asook uit my persoonlike ervaring van taalnormering in Afrikaans, is dit duidelik dat daar 'n groter behoefte aan eenvormigheid met betrekking tot die vorm van die geskrewe standaardregister bestaan as wat die geval is met betrekking tot die vorm van die gesproke taal. Dit beteken egter nie dat die gesproke vorm van informeel gebruikte leksikale items nie gestandaardiseer hoef te word nie.

Hierdie laaste waarneming bring my terug na die sentrale vraag wat in hierdie artikel gestel word. Hierdie vraag, gesien vanuit die perspektief van funksionele variasie, bring variëteite en tale wat oorwegend vir informele oogmerke gebruik word binne die bestek van die beginsel van standaardisering. Standaardtale, wat oor die algemeen die eerste taal van slegs 'n minderheid sprekers in Afrika is, is tradisioneel gebaseer op 'n geskrewe standaardortografie, en is die voorkeurmedium vir formele kommunikasie. Die geskrewe vorm van taal, ook *informeel*, en ook van nie-gestandaardiseerde tale, word egter toenemend toeganklik vir meer en meer eerstetaalsprekers van sulke tale. Dit is merkbaar ook aan die frekwensie van geskrewe kommunikasie in 'n steeds groter wordende aantal tale op die Internet. Hierdie proses is dan duidelik 'n voorbeeld van die tweede fase van standaardisering, naamlik kodifisering, wat 'n noodsaaklike stap is op weg na die kultivering, of funksie-uitbreiding, van sulke tale.

9. DIE INTERNET AS AGENT VIR BEIDE STANDAARDISERING EN DEMOKRATISERING

In die verlede was die standaardisering van enige gegewe taal 'n bo-na-onder-proses, teweeggebring deur 'n regering waarvan die beleidsrigtings aangaande geletterdheid en onderwys bepaal is deur

die regerende party en uitgevoer deur amptenare in sy diens. Informele standaardisering vind egter toenemend plaas soos meer en meer geletterde gebruikers die kuberruim betree en tekste voortbring in die tale waarin hulle hul die beste kan uitdruk. Op hierdie wyse word taalvorme wat voorheen oorwegend, en sommige gevalle uitsluitlik, as orale kommunikasiekodes gebruik is, gekodifiseer, ofskoon op informele wyse. Dit beteken dat die lede van 'n taalgemeenskap dus die gebruik van hulle taal kan bevorder deur hierdie medium te benut om tekste voort te bring vir 'n verskeidenheid oogmerke. Die beskikbaarheid van groot getalle tekste in elektroniese formaat maak dit ook moontlik om 'n korpus (of korpora) vir so 'n taal op te stel wat benut kan word om die leksikon te standaardiseer op basis van frekwensietellings en die gebruik van konkordansies. In plaas daarvan om afhanklik te wees van individuele outeurs en kampvegters vir die bevordering van 'n bepaalde taal, kan 'n taalgemeenskap as 'n geheel hulle demokratiese reg uitoefen om hulle taal te gebruik om hulself beter uit te druk as in enige ander. Dit is 'n vorm van standaardisering wat sonder die tussenkoms van regeringsinstansies kan plaasvind, hoewel die nodige befondsing uiteraard die proses sou bespoedig en versterk. 'n Verdere stap in die kodifisering is dan die opstel van 'n standaardgrammatika op die basis waarvan opvoedkundige materiaal voortgebring en gepubliseer kan word.

Dit is vanselfsprekend dat nie alle tale in dieselfde mate gestandaardiseer kan word nie. Die geskiedenis van taal/tale in Afrika soos dit deur die eeue ontvou het, is grootliks bepaal deur sosio-politieke gebeurtenisse en die politieke vorming van ons kontinent. Die meer onlangse verlede, ook in die politieke arena, bevat duidelike aanduidings dat die afbreek van kommunikasiegrense en vermeerderde toegang tot 'n wêreldwye netwerk van kommunikasie geleenthede kan skep vir 'n wyer spektrum van tale om hulle funksionaliteit te verhoog. Dit kom neer op 'n nuwe demokratisering van taalgebruiksgeleenthede, wat die versterking van 'n kommunale basis vir dialekte en verwante tale om gestandaardiseer te word, insluit.

10. SOMMIGE VOORBEELDE VAN “DEMOKRATIESE” STANDAARDISERING IN AFRIKA

Elektroniese korpora, wat aanvanklik slegs gedien het as basis vir die samestelling van woordeboeke, nie slegs om die frekwensie van leksikale items te bepaal wat ingesluit kan word nie, maar ook om kontekstuele voorbeelde te verskaf by wyse van die konkordansiefunksie, word toenemend gebruik vir die doeleindes van die standaardisering van die woordeskat van verskeie tale. Een sodanige voorbeeld is 'n gestratifiseerde korpus van een van die Suid-Afrikaanse tale, naamlik Afrikaans, 'n korpus, opgestel deur CText van die Noordwes-Universiteit, wat uit naastenby 52 miljoen woorde bestaan en onttrek is uit 'n verteenwoordigende spektrum van gebruikskontekste, en tans gebruik word vir die seleksie van items vir insluiting in die standaardspellys van Afrikaans (d.w.s. die AWS). 'n Resultaat van hierdie toepassing is dat 'n veel groter seleksie uit die ongestandaardiseerde variëteite van die taal by die “standaardlys” ingesluit word.

'n Vertaalprojek sonder winsbejag wat oopbronprogrammatuur (bv. Firefox, Thunderbird, GNOME, OpenOffice, ens.), speltoetsers en tweetalige bronne (bv. tussen Zulu en Xhosa) ontwikkel, naamlik Translate.org.za, het onder andere 'n speltoetsers ontwikkel vir vier hooftale in Suid-Afrika (nl. Zulu, Sepedi, Afrikaans en SA Engels) op die basis van sulke korpora, en ook die projek uitgebrei na tale soos Songhai, Luganda en Akan, met die vooruitsig om ook Kiswahili, Wolof en Fulah in die nabye toekoms te betrek.

Nog 'n projek, met as oogmerk die harmonisering en standaardisering van wedersyds verstaanbare tale en dialekte in Afrika, is die sogenaamde *Harmonisation and Standardisation of*

African Languages Project deur die *Centre for Advanced Studies of African Society* (CASAS), verbonde aan die Universiteit van Kaapstad, wat in 1997 gestig is as 'n Pan-Afrika-sentrum vir die skep van navorsingsnetwerke. Dit is nog 'n voorbeeld van 'n nie-regeringsorganisasie wat met die samewerking van taalkundiges van verskeie universiteite in Afrika, gelykvormige standaardortografieë ontwikkel het vir die Yoruba-, Hausa-, Igbo- en Ijo-taalklusters in Wes-Afrika, sowel as 'n gelykvormige standaardortografie vir die Suider- en Sentraal-Afrikaanse tale van Malawi, Mosambiek en Zambië. 'n Soortgelyke projek vir die Nguni- en Sotho-tale in Suid-Afrika is onlangs voltooi.

11. SLOTOPMERKINGS

In die lig van die getuienis uit die beskikbare dokumentasie, lyk dit dus moontlik om die vraag wat in die titel gestel is, ontkennend te beantwoord: Demokratisering en standaardisering hoef nie 'n binêre opposisie te verteenwoordig nie, en verteenwoordig inderdaad nie meer teenstrydige oogmerke vir die inheemse tale in Afrika nie. Die insig verwerf uit die Noorweegse eksperiment, selfs voor die era van globalisering, was dat gebruikers van die taal op voetsoolvlak die vorm bepaal het wat uiteindelik gestandaardiseer is. Dit het ook duidelik geword dat sprekers van Afrikatale deur die gebruikmaking van nuwe tegnologie self die vermoë het om te bepaal, nie slegs watter taal/tale hulle verkies vir watter doelwit nie, maar ook wat die vorm van sulke tale sal wees.

BIBLIOGRAFIE

- Bartsch, R. 1987. *Sprachnormen: Theorie und Praxis*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Dibra, B. 2011. 'Justice' in Language Standardization. *Linguist List* 22.332, p.1.
- Grebe, H. 2009. Wij spreken zo niet onder ons – taalstandaardisasie en die konstruksie van identiteit. *Litnet Akademies* (6) – Maart 2009. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=65182&cause_id=1270
- Haugen, E. 1972. Dialect, language, nation. *American Anthropologist* 68:922-35.
- Hudson, R.A. 1980. *Sociolinguistics*. London: Cambridge University Press.
- Jernudd, B. 1971. Review of "Language Conflict and Language Planning: The Case of Modern Norwegian" by Einar Haugen. *Language* 47:490-493.
- Kotzé, E.F. 2009. Hoe standaard kan 'n taal wees? Perspektiewe op die teenstrydighede van Afrikaans. *Litnet/essays*, http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=75742 [15 Oktober 2009].
- Kotzé, E.F. 2010. Destandaardisasie en herstandaardisasie – gelyklopende prosesse in die Nuwe Suid-Afrika? In Marijke van der Wal en Eep Francken (reds.): *Standaardtalen in beweging*. Amsterdam & Münster: Stichting Neerlandistiek VU & Nodus.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (Tiende, verbeterde en omvattende herbewerkte uitgawe). Kaapstad: Pharos.

Webtuistes:

www.translate.org.za
www.casas.co.za